e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

22 Augustus 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 27

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Die 70ste AKV is verby, en nou...

(Hierdie voorbladberig word geskryf vanuit 'n agterna-perspektief)

Gedurende die week van 22 tot 28 September 2013 het die 70ste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk plaasgevind.

Die openingsaand het gepas verloop. Suiwer, deurdagte prediking ingebed in die liturgie en etos van die Kerk het die teenwoordiges tot nadenke gestem. Die prediking uit die Woord van God en die teologiese refleksie is onderbou deur Bybels-Reformatoriese eksegese en hermeneutiek. Sonder menslike willekeur en eiewaan het elkeen gehoor: *So sê die Here!*

Die vergadering het twee dae van diepgang in die teologiese gesprek beleef. Kritiese vrae is gestel: *Wat sê die Bybel oor God? Wie is ons as kerk? Wat is ons roeping as kerk?* Kritiese gesprek het gevolg, oor *Die predikant en teologiese opleiding* en *Kerkwees in die huidige tyd*. Daar was uiteenlopende menings en openlike gesprek. Almal het deelgeneem. Daar was ruimte vir elkeen se mening en ruim harte in die gesprek. Bewus van die voorlopigheid van die gesprek, is alle verdagmaking uit die weg geruim. Gegewe die pyn van 'n kerkskeuring, is sugtend gesoek na die eenheid in Christus. Die sin en wens van die mens word nie vooropgestel nie. Dit gaan oor die Heer van die kerk en die opdrag aan hierdie Kerk van die Heer! Die evangelie moet die wêreld ingedra word, met al die eise en uitdagings waarvoor die kerk te staan kom.

Daarna is 'n uitdagende agenda ingelei deur breë en diepgaande gesprek die eerste twee dae. Sonder om vas te val in wydlopige gesprek, word elke beskrywingspunt in essensie bespreek en tot verantwoordelike besluit gebring. Die vergadering het vroeg reeds ooreengekom dat daar nie gekonsentreer word op die dinge wat verdeeldheid en onmin bring nie. Hierdie vergadering het groot nood en nut om te konsolideer en te vra: Wat is die wesenlike opdrag vir die groei en vooruitgang van die kerk van die Heer?

Predikante en ouderlinge is met nuwe entoesiasme terug na die gemeentes. In die lig van die Woord van God, gebind aan die belydenis soos vervat in die belydenisse en belydenisskrifte en onderworpe aan die Proponentsformule en Kerkorde, gaan die werk in die kerk en koninkryk van die Heer voort. Die teologiese opleiding lewer vir die Kerk predikante wat wetenskaplik onderlê is om in uitdagende tye die Woord te verkondig en effektief met dienswerk in en aan die koninkryk van God besig te wees.

Die erediens is die hartklop van die gemeentelike lewe. Woordverkondiging word opnuut die rigtingwyser in 'n soekende wêreld. Onderbou deur suiwer uitleg van die Woord, word die lewe van die gemeente soos suurdeeg in die gemeenskap. Vernuwing, wat neerslag vind in verdieping in geestelike belewenis, rig gemeentes om waarlik kerk te wees in uitdagende tye. Missionale gerigtheid bedreig nie die Kerk se identiteit nie. Ons meet nie ons kerkwees aan sukses in die wêreld nie. Die kerk se waarde lê in die groei en meelewing wat die liggaam van Christus kenmerk en dien.

Daar is ruimte geskep om van mekaar te verskil. Niemand wen wanneer iemand sy of haar sin kry nie. In die kerk van Jesus Christus gaan dit nie om iemand se sin nie, maar om die versoening wat Hy bewerkstellig het. Versoening wat niemand se eiendom of besit is nie, maar wat elkeen tot besitting van God maak in Jesus Christus, die Gekruisigde en opgestane Here. Daarom is ons verbind tot gesprek in die lig van die Woord aan die hand van die Kerkorde. Hierdie gesprek vloei moeisaam en lydsaam van vergadering tot vergadering, maar bly steeds met die oog gerig op Jesus Christus, die Heer en Hoof van die kerk. Telkens, hoe moeilik dit soms ook is, dring die Woord ons tot hervorming.

Soos deur die jare sedert 8 Augustus 1853, kan ons saam bely: Die Here hou self sy kerk in stand. Mag dit ook in die jare wat voorlê van ons elkeen gesê word: Waarlik, hulle het op die Here God alleen vertrou!

Ds Leon Geel

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhka.org**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat ’n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Jan Claassen

Ds Jaco Dreyer

Beroep ontvang

- **Ds Jan Claassen** van Strand na Naboomspruit
- **Ds Jaco Dreyer** van Empangeni (deeltyds) na Bloemfontein (voltyds)
- **Ds Kotie Mc Donald** (beroepafwagtend) na Turffontein (deeltyds)
- **Prop Juanita du Preez** (beroepafwagtend) na Pierneef (deeltyds)
- **Prop Gerhardt Venter** (beroepafwagtend) na Saffierkus

Ds Kotie Mc Donald

Prop Juanita du Preez

Beroep aanvaar

- **Ds Kotie Mc Donald** (beroepafwagtend) na Turffontein (deeltyds)

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

Prop Gerhardt Venter

Die **Kommissie van die AKV** het na sy buitengewone vergadering op Vrydag 16 Augustus 2013 ’n amptelike verklaring uitgereik na aanleiding van die stigting van die ***Geloofsbond van Hervormde Gemeentes***. Die Kommissie sien hierin die voortsetting van die proses van kerklike afskeiding, en roep predikante van die NHKA wat die stigting van die *Geloofsbond* bygewoon het op vir gesprek met die Kommissie van die AKV op 5 en 6 September 2013. Wat die **hangende hofsake** betref, is dit die Kerk se beleid om haar daarvan te weerhou om in die media te litigeer en daarom word net kortliks daaroor berig. Die regspan van die Kerk is van oordeel dat die jongste aansoek deur die steedsHervormer-groepering (wat onder andere handel oor mediasie, konsolidering van al die sake, sekuriteitstelling vir koste en die blootlegging van dokumente) in verskeie opsigte regtens gebrekkig is, en gaan gevolglik voort met die litigasieproses. Die Kommissie se **volledige verklaring** is beskikbaar **op die Kerk se webblad** by **www.nhka.org** → So sê ons → Omsendbriewe.



Prof Kálmán Papp

- Die Kerk het met hartseer kennis geneem van die **afsterwe van prof (hc) Kálmán Papp** op Donderdag 15 Augustus. Hy was 89 jaar oud. Die **dankdiens** vind plaas op Vrydag 23 Augustus om 11:00 in die kerkgebou van Gemeente Krugersdorp, hv President- en Krugerstraat, Krugersdorp. Die verassing geskied vooraf. Prof Papp se seun, dr Kálmán Papp van die Bybelgenootskap, en die res van die familie word die Here se vrede toegebid.

- Emerituspredikant **ds Dirk Stoltz se broer, Anton,** is Vrydag 16 Augustus oorlede na ’n kort siekbed. Hy is ook die oom van die sekretaris van die ADV, ds Gerhard Stoltz, en van die visevoorsitter van die ADV, diak Dirk Stoltz. Ons innige meegevoel gaan aan die familie.

Hester Potgieter

- **Hester Potgieter**, sekretaresse by die Ondersteuningsraad in Krugersdorp en bestuurder van die Linmar-klereprojek, is skielik oorlede op Woensdag 7 Augustus. Sy was 65 jaar oud. Hester is in Maart gediagnoseer met ’n melanoom en het in April met chemoterapie begin. Op 30 Julie is bevestig dat die kanker versprei het na die res van haar liggaam, asook na haar brein. Sy laat haar man, die beeldhouer Phil Potgieter, vier kinders en vyf kleinkinders na. Hester en Phil

was al die jare staatmakerlidmate van Gemeente Witpoortjie. Die roudiens is reeds privaat afgehandel. Ons innige simpatie gaan aan die familie.

- Emerituspredikant **dr Hennie van Deventer** het Saterdagoggend 17 Augustus 'n hartaanval gehad. Hy het daarna verskeie toetse ondergaan in die Zuid-Afrikaans Hospitaal. Ons bid hom spoedige beterskap toe, en dink aan hom en Magda in hierdie moeilike tyd.

- **Ds Hannes Janse van Rensburg** van Gemeente Zuurfontein in Kempton Park **se moeder**, **Liena,** het op 30 Julie 'n rugoperasie ondergaan en sterk tans tuis aan. Ons bid haar algehele herstel toe, en sterkte vir haar en haar man, oudl Hans Janse van Rensburg van Doulos Armoedebediening.

- **MEDIASONDAG: Al die gemeentes** van ons Kerk word met die ondersteuning van die Kommissie van die AKV versoek om op **Sondag 25 Augustus** aandag te gee aan ons **kerklike kommunikasie en publikasies**. SENTIK wil gemeentes versoek om by hierdie geleentheid besondere moeite te doen om die kerklike tydskrifte aan die gemeentelede bekend te stel, en dan veral die gereelde gedrukte publikasies: *Die Hervormer*, *Konteks*, die *Almanak* en *Bybelse Dagboek*. Gebruik asseblief die promosieskyfies wat vandag saam met die *e-Hervormer* uitgestuur is, en doen moeite om lidmate aan te moedig om op die tydskrifte in te teken. Gee die gemeente se intekensyfers voor die einde van Oktober deur aan mev Van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of **sentik@nhk.co.za**. Ons het die syfers teen daardie tyd nodig om ooreenkomste met drukkers aan te gaan vir die druk en verspreiding van volgende jaar se tydskrifte. (Sien die agterbladberig vir die 2014-pryse van die gereelde publikasies.)

- **SENTIK** het pas weer vir gemeentes 'n **Kerkkalender vir 2014** gestuur. Die indeling van die Kerkjaar, spesiale deurkollektes, al die kerklike en openbare vakansiedae, en die skoolkwartale is daarop aangedui. Die voorblad sluit aan by ons aktuele gesprek oor kerkwees in die huidige tyd. Gemeentes is welkom om hierdie Kerkkalender met hul eie datums en inligting verder in te vul (riglyne verskyn op die agterste bladsy), en elektronies of in gedrukte vorm aan hul lidmate te versprei. SENTIK vertrou dat ons gemeentes so help met hul jaarbeplanning vir 2014, en bid dat die Here die dienswerk in die gemeente sal seën. Die Kerkkalender is **ook op die Kerk se webblad geplaas** by **www.nhka.org** → Nuus en gebeure → Kalender.

- **Dr Wim Dreyer** het op 7 Augustus 'n openbare lesing by die Hervormde Teologiese Kollege aan die Universiteit van Pretoria aangebied. Die titel van die voordrag was *Wanneer een twee word. Opmerkings oor die resente geskiedenis van die NHKA*. Persone wat nie die geleentheid kon bywoon nie en die voordrag graag wil lees, kan dit nou elektronies vind op *Die Hervormer* se webblad onder *Teologiese Gesprek.* Gaan na **www.hervormer.co.za** → Teologiese gesprek.

- **Ds Tinus Swart** van Petrusburg is die ringsbenoemde **hospitaalleraar** wat lidmate van buite Bloemfontein wat in 'n **Bloemfonteinse hospitaal** opgeneem is, besoek. Kontak hom by 051 522 2616 / 084 211 1753 / **ebbe@polka.co.za**.

- **ADV SE JAAR VIR GESTREMDHEID**. **Respekteer en akkommodeer.** Moet onder geen omstandighede sommer 'n persoon met 'n gestremdheid ongevraag begin help nie. 'n Persoon in 'n rolstoel wil nie deur iemand anders gegryp en oor 'n straat gestoot word nie. Moenie 'n rolstoel gryp en in 'n motor begin laai nie. Hulle weet beter as enigiemand anders presies wat veilig is of hoe die stoel in die motor moet inpas. Gemeentes word aangemoedig om gedurende September 'n **Sondag vir Persone met Gestremdheid** te vier. 1 September se deurkollekte is reeds vir Diakonale Kinderversorging en die *Beeld*-Kinderfonds toegewys.

- **LOSLITDAG 6 SEPTEMBER.** Talle gemeentes, lidmate, besighede, ensovoorts, koop jaarliks hul Loslitdagplakkers ten gunste van gestremdheid. Die Kerk is betrokke by Loslitdag deur **TOIBO** (Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys). As jy jou plakkers deur TOIBO bestel, kry TOIBO R4 daarvan en die Nasionale Raad vir Gestremde Persone die ander R6. Daaruit kry TOIBO dikwels ook weer 'n bedrag geld. Om te bestel, kontak Arina Jooste by **toibo@nhk.co.za** of 012 320 7644. Sonet Esterhuizen kan ook gekontak word by die ADV-kantoor, 012 322 8885 x221.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Vereeniging: Eeufeesviering 24 tot 25 Augustus**
  Saterdag 24ste: Gesellige bring-en-braai op kerkterrein
  Sondag 25ste: Erediens met Albertonse Mannekoor om 09:00
  Program en gesamentlike middagete
  Gelukwensings kan gestuur word na **pbboshoff@telkomsa.net**

- **Gemeente Newcastle: Feesweek**
  Sondag 25 Augustus tot Sondag 1 September
  Countryfees
  Sondag 25ste om 09:00: Voorbiddingsdiens met ds Hennie Louw
  11:00: Gospelvertoning met Pierre Vigoureux en Erich Posthumus
  Maandag 26ste om 18:00: Volkspele-aand
  Donderdag 29ste om 18:00: Koekversierkompetisie
  Vrydag 30ste 14:00-19:00 en *Saterdag 31ste* 08:00-13:00: Countrybasaar
  Saterdag 31ste 09:00-12:00: Plaaskombuis-ontbyt
  10:00: Sterkmankompetisie
  18:00: Countrydans met Back 2 Front
  Sondag 1ste om 09:00: Dankseggingsdiens met ds Hennie Louw
  Navrae aan ds Hennie Louw by 084 508 7849

- **Gemeente Ottosdal: *Amazing Race*: 30-31 Augustus**
  75 geseënde jare
  Vrydag 30ste: Kampvuur-kuieraand by Ottosdal-skougronde
  Lapas, braaivleis met pap en sous, poeding…
  Saterdag 31ste: Stap-wedloop, basaar en stalletjies
  Van vroeg tot laat
  Kontak ds Adriaan Benadie by 082 763 2728 of **ottosdal@nhk.co.za**

- **Gemeente Otjiwarongo: 75-jaar-viering: 6-8 September**
  Vrydag 6de: Optrede deur opkomende musiekster Lisa Brönner
  Saterdag 7de: Feesgeleentheid
  Stalletjies, gesinsvermaak, potjiekoskompetisie en jaarlikse naggholf
  Sondag 8ste: Hoeksteenonthulling en erediens
  gelei deur ds Barrie Oberholzer
  Vir verdere inligting, inskrywings of borge kontak ds Elritia le Roux
  +264 876 3664 of e-pos **propeleroux@gmail.com**

- **Gemeente Sannieshof: Feesnaweek: 6-8 September**
  Vrydag 6de en Saterdag 7de: Mielie Makietie 2013 met Adam Tas
  (Sien Basaars en markte, bladsy 10, vir meer inligting hieroor)
  Sondag 8ste: Uitreik met Geloof-in-aksie Motorfietsklub
  Ds CJ van Wyk van Randburg lei die erediens
  Navrae aan ds Paul Kern by 082 494 5347
  of stuur 'n e-pos aan Elsa by **elsaj@lantic.net**

- **Gemeente Witfontein: 50-jaar-feesvieringe: 14-15 September**
  Saterdag 14de: Almal trek tematies aan soos in 1963
  50 potjies prut stadig gaar

Armand Thunder Merwe, The Singing Cowboy, tree op om 16:30
Sondag 15de: Dankdiens om 09:00
Saalkompleks se hoeksteenonthulling (na 13 jaar kontant voltooi!)
Watter jaar vir Witfontein – 50 jaar oud, 10de Delwersfees
en saalkompleks is voltooi!
Navrae aan Jimmy by 083 254 4771 of Janine by 083 260 0983

- **Gemeente Wonderboompoort: 60-jaar-viering: *Sixties***
  25, 26 en 27 Oktober
  Op kerkterrein in Eloffsdal, Pretoria
  Stuur groetewense, staaltjies, herinneringe en foto's vir gedenkblad
  Baardgroeikompetisie vir die manne
  Modeparade met toeka se klere vir die dames
  Kontak skriba Sieg Schwarzer by 012 335 4181 vir meer inligting
  Gedenkbladbydraes aan ds Carel-Johann de Bruin by **cjdb@telkomsa.net**

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember
  Basaar en hoeksteenoprigting (met optrede deur sanger Pieter Smith)
  asook Voorbereiding Saterdag
  en Nagmaal en Danksegging met Doop Sondag
  Gedenkalbum teen R440 plus posgeld
  Kontak Dolla Coetzee by **dollacoetzee@telkomsa.net**
  of 073 170 5325 om te bestel
  Navrae aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 30 Augustus, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 22 Augustus: Ds William Harmse (Alberton-Wes)
  - Saterdag 24 Augustus: Prof Piet van der Merwe (emeritus)
  - Sondag 25 Augustus: Ds Johannes Barnard (beroepafwagtend)
  - Maandag 26 Augustus: Di Chris le Roux (Stellenbosch/Worcester) en Joseph Steÿn (Orkney)
  - Dinsdag 27 Augustus: Prof Johan Koekemoer (emeritus)
  - Woensdag 28 Augustus: Ds Gert van Staden (emeritus)
  - Donderdag 29 Augustus: Ds Jan van Immerzeel (emeritus)

Beplande vergaderings

- Vrydag 23 Augustus: Raad van Finansies
  Finkom van die OSR
- Woensdag 28 Augustus : Werkwinkel van die OSR
- Donderdag 29 Augustus: Direksie van Ons Tuis

Kursusse en toerusting

- **Eendagseminaar: Saam op weg**
  Vrydag 6 September
  Neem asseblief kennis dat hierdie seminaar gekanselleer is

- **Toerusting van predikante, kerkraad en lidmate**
  Oor intensiewe bejaardesorgbediening
  Saterdag 7 September 08:30 tot 11:00
  Ring van Pietermaritzburg, te Gemeente Durban-Suid
  Aangebied deur dr Hennie van Deventer
  Navrae aan prof Bieks Beukes by 072 036 4960

Beskikbare behuising

- **Gemeente Philadelphia** het **akkommodasie** beskikbaar vir 'n **student**. Dit bestaan uit 'n privaatkamer met gemeenskaplike ablusie en kombuis. Dit is binne stapafstand van die Universiteit en daar is veilige parkering. Die koste is R2 860 per maand, wat skoonmaakdienste een maal per week insluit. Kontak Elize Fourie by 012 362 7237 tussen 08:30 en 12:30 op weeksdae, of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866, of stuur 'n e-pos na **philadelphia@nhk.co.za**.

- **Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville** bied enkel- en dubbelkamer-inwoning vir **bejaardes** wat nog selfversorgend kan funksioneer. Aangename huislike atmosfeer, 2 x etes ingesluit by losies, billike tariewe. Gereelde sosiale programme. Vir meer inligting, kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310.

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis-woonstelle in Parys**
  Daar is tans die volgende behuising vir senior burgers beskikbaar:
  2 x enkelkamer met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  1 x lieflike enkelkamer met eie kombuis, stoep en tuin,
  met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  R5 800 per maand
  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

- **Piet Potgieter Monumenttehuis in Mokopane (Potgietersrus)**
  Die volgende akkommodasie is tans beskikbaar:
  4 x kamers met eie geriewe, ontbyt en middagete ingesluit
  Geskik vir selfversorgende bejaardes wat self hul kamer en wasgoed kan doen
  Rustige, plattelandse dorp ideaal vir aftrede
  Kontak bestuurder, mev Mariana van Tonder, by 015 491 6314

- **Gratis verblyf beskikbaar tydens die AKV einde September**
  Kamer met 2 enkelbeddens (Erasmia)
  Kontak Isme (Dalton) Gates by 082 962 2870

Konserte en feeste

- **Sondag 1 September om 18:30: Gemeente Pretoria-Oos**
  Orrelkonsert met prof Wim Viljoen
  In kerkgebou hv Dely- en Matroosbergweg
  Toegang GRATIS
  Die gemeente se orrel word 40 jaar oud!
  Verversings in die saal na die konsert
  Navrae aan Pieter van den Berg by 072 041 3954 / **pieter@allensa.co.za**

- **Saterdag 21 September om 09:00: Gemeente Hartebeeshoek**
  Nataniël
  La Louise Venue, Willem Cruywagenstraat 155
  Hesteapark, Akasia
  Koste: R170
  Koffie, tee en verversings na vertoning
  Kontak Lizette Goosen by 082 539 1456
  of Mariana de Villiers by 072 128 2692

- **Saterdag 5 Oktober om 14:30: Gemeente Turffontein in Johannesburg**
  Damestee: *Vrouedag* met Sonja Herholdt
  NG Kerksaal, Dalehamstraat, Mondeor, Johannesburg
  R100 per persoon
  Skakel mev Pikkie van der Westhuizen by 083 320 8262
  of Nellie Stipec by 083 449 6155 vir besprekings en besonderhede
  Verversings sal bedien word

Kampe en toere

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 1 tot 17 Mei 2014**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Plek vir slegs 30!
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
  ernest.vaneck@up.ac.za
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 24 Augustus: Gemeente Sionspoort: EPR Fietswedren**
  Twee opsies: 120 of 58 km
  Wegspring en einde by Tarlton Renbaan
  Skryf aanlyn in by **www.cycleevents.co.za**
  of kontak Johan by 082 464 1547

- **Saterdag 7 September: Gemeente Carletonville: Gholfdag**
  Goldfields West Gholfbaan
  Skryf in vir 'n 4-bal, of borg putjies, skenk pryse, maak donasies
  Borgskap: R1 800 per putjie (sluit 'n 4-bal in en kan promosiemateriaal bevat)
  Indien slegs 'n putjie geborg word sonder die 4-bal: R1 000
  Andersins R200 per speler
  Navrae aan Ockie Brits by 082 850 7966 of Hanlie Brits by 084 512 9297

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeentes Primrose en Primrose-Oos: Sondag 25 Augustus 17:00**
  Waar was jy?
  Christelike toneelstuk deur Delta C (**www.deltac.co.za)**
  Ten bate van Graad 1-Bybelprojek
  (Elke jaar word 'n Bybel aan elke nuwe Graad 1
  in die skole in Primrose geskenk)
  Hoërskool Goudrif, Kraftweg, Primrose
  Volwassenes R30, laerskoolkinders R20
  Sop en broodjies @ R10
  Besprekings by 011 822 1669 / 011 028 0816

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
  Kaartjies: R100 donasie
  1ste prys: Koedoebul, sebra, blouwildebees, 2 rooibokke, 2 blesbokke
  plus 5 dae en 4 nagte verblyf
  2de prys: Blouwildebees, sebra, rooibok, blesbok
  plus 4 dae en 3 nagte verblyf
  3de prys: Blouwildebees, rooibok, blesbok
  plus 3 dae en 2 nagte verblyf
  Geborg deur Nyalarus-wildplaas tussen Groblersdal en Marble Hall
  Plaas se professionele jagter kan gebruik word
  Kontak Adri Nel by 084 200 1027
  of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895
  Sluitingsdatum 31 Augustus, trekking 1 September 2013

- **Gemeente Bergsig: Bybelloop op Saterdag 19 Oktober**
  09:00 tot 11:00
  By Suiderbergskool In Denyssenlaan, Mountain View
  R20 per persoon
  Inskrywingsvorm beskikbaar by kerk of op die terrein vanaf 08:00
  Donasievorms ook beskikbaar
  Kontak ds Freddie Nortjé by 074 308 7332
  of oudl Hannes de Wet by 082 424 3560
  of Tina van der Schyff by 078 682 7093

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Fondsinsameling 1000 Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery**
  Geleentheid om R50 000 in te samel
  Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
  Betaal R5 000 vir pakket van R55 000
  50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd

Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!
Trekking in Oktober 2013
Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of **barrypret@lantic.net**
Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

Basaars en markte

- **Vrydag 30 Augustus: Gemeente Swartkop: Basaar**
  14:00 tot laat
  Tema: *Franse platteland*
  Irelandlaan 107, Eldoraigne, Centurion
  Helena Hettema sing vanaf 17:00 – toegang gratis
  Baie kos, gebak en speletjies
  Kinderdorp: Verfaktiwiteite, gesigverf, ponieritte, springkastele
  Valskermvuurpyl, kussinggeveg, maak plekmatjies, tombola…
  Kontak Van Rooy van den Berg by 072 199 3900
  of die gemeentelike kantoor by 012 654 3471

- **Vrydag 30 en Saterdag 31 Augustus: Gemeente Rustenburg-Suid**
  Willerste Noordweste Fees
  Kockstraat 153, Rustenburg
  Vrydag 30ste: Pieter Koen
  Kaartjies by Pen en Ink
  Lindy Lummis 081 019 3977
  R100 (volwassenes) en R40 (laerskoolkinders)
  Saterdag 31ste: Koop eetgoed uit elke land
  Kuns, plante, boeke, tweedehandse goedere, 2 ton boerewors!
  Jeugarena: *Under the sea*
  Hamsterballe, ponieritte skatkistombola, seerowerdoolhof...
  Hope pryse
  Navrae by 014 592 2364

- **Vrydag 30 en Saterdag 31 Augustus: Gemeente Bethal: Lentefees**
  Vrydag 30ste 08:00 tot 14:00
  Voorafbestellings word uitgevoer
  Aandprogram: Ete en vermaaklikheidsprogram
  Deurnag: Worsbroodjies, fliek, jeugdiens en ander vermaak vir die jeug
  Saterdag 31ste: Speletjies, verfbal en ander vir die kinders
  Verkope van pannekoek, kerrie-en-rys, hamburgers, sosaties, vleiskoeke en baie ander tuisgemaakte goedere
  Navrae by gemeentelike kantoor 017 647 3093

- **Vrydag 30 en Saterdag 31 Augustus: Gemeente Randburg**
  Sangkompetisie en basaar
  hv Kerk- & Dovestraat, Ruiterhof, Randburg
  Sangkompetisie-oudisies: 26 en 27 Augustus 15:00-17:00 in kerkgebou
  Vrydagaand 30ste: The Voice van Randburg
  Semifinaal 18:00-20:30 (kerksaal teen R20 inskrywing)
  Saterdag 31ste: Finaal 12:00-14:00
  Wenner kry koopbewys van R1 000 (Cresta) en ’n radio-onderhoud
  Kosstalletjies, teetuin, lewendige musiek, *Minute to win it*-kompetisie, speletjies...
  Navrae aan Elna by 011 787 4983
  of ds CJ van Wyk by 082 898 2345
  of ds Jaco van Sittert by 083 279 5816

- **Saterdag 31 Augustus: Gemeente Vaalpark: Basaar**
  Wildsvleis, kosstalletjies, koektafel, uitstallers...

Uitstallers welkom (R100 per stalletjie)
Hope pret vir die kinders: treintjie, springkasteel en vele meer
Kom geniet 'n heerlike dag saam met ons!
Kontak Esmé gedurende kantoorure by 016 971 1999
of Dorea by 083 225 7391

- **Saterdag 31 Augustus: Ring van Zuurfontein: Ringsbasaar**
  Gesamentlike basaar op terrein van Gemeente Zuurfontein
  hv Highveld- en Monumentstraat, Kempton Park
  Volle opbrengs om Gemeente Primrose finansieel by te staan
  Al die normale basaardinge gaan daar wees – kom kuier gerus saam!
  Navrae aan Etienne Fourie by 082 555 1289

- **Saterdag 31 Augustus: Gemeente Ventersdorp**
  Boerebasaar
  Baie vleis te koop!
  Kom geniet die pannekoeke, vetkoek, kerrie-en-rys, heerlike tuisgebak...
  Speletjies en ander vermaak vir die jongspan
  Kontak Nico Kock by 083 204 6715
  of ds Marius van Vuren by 072 850 4960

- **Saterdag 31 Augustus: Gemeente Mafeking**
  Basaar: *Pirates@Mahikeng*
  Fokus op die kind
  Ollie die Nar met hope vermaak vir die kinders
  Reusespringkasteel en *spookhuis*
  Skattejag vir die jongspan
  Die kinders kan kolwyntjies (*cupcakes*) versier en 'n groot prys wen
  Kwalifiseer met donasie van slegs R50 (of veelvoude daarvan)
  vir kontantpryse ter waarde van R10 000, R4 000 of R1 500
  Kontak Kallie Landsberg (079 893 9031) of dr Annelie Botha (082 650 3494)

- **Saterdag 31 Augustus vanaf 09:00: Gemeente Glencoe**
  Basaar
  By die Moth-saal
  Kinderpartytjie, pannekoek, *jaffles*, *Nuut tot antiek*
  Vleis, lekkergoedtafel, koeke, teetuin, kunsvlyt en vele meer
  Kontak Carlien Grobler by 076 042 7781

- **Vrydag 6 tot Saterdag 7 September: Gemeente Bothaville**
  Kaboemieliefees
  Op die terrein van die Hervormde gemeente
  Gaskunstenaar Snotkop; met Karlien, Adele Botes en meer
  Vrydagaand 6 September: Veiling
  Uitstallers te kies en keur
  Kinderland met baie pryse om te wen
  Groot pryse te wen – onder andere 10 speenkalwers
  Biertent met tuisgemaakte bier
  Street rods 'n moet-sien
  Verfbal van Vrydag tot Saterdag
  Kom deel in die *nagjag!*
  Navrae aan ds Hennie Pretorius by 084 316 4111
  of stuur 'n e-pos na **henniepretorius@lantic.net**

- **Vrydag 6 en Saterdag 7 September: Gemeente Sannieshof**
  Mielie Makietie
  Op die terrein van die Hervormde Kerk
  Gaskunstenaar Adam Tas
  8 m hoë en 100 m lange foefieslaaid
  Wen R50 000 kontant of 25 ton mielies in Wen-'n-oes-kompetisie

2de prys: Diamant ter waarde van R20 000 of 5 ton sonneblom
Luister na Graan Suid-Afrika se voorsitter, Jannie de Villiers
Diamant-stormloop vir ’n diamant en talle halfedelgesteentes
Karaoke, visvang, skyfskiet en *Fear Factor*
Skiet met ons selfgeboude aartappelkanon en wen kontant
Strip-jou-moer-kompetisie
(Sondag 8 September ds CJ van Wyk van Randburg
en sy Geloof-in-aksie Motorfietsklub)
Kontak ds Paul Kern by 082 494 5347 of Elsa by **elsaj@lantic.net**

- **Saterdag 7 September: Gemeente El-Flora in Discovery**
  Karnaval om 10-jaar-bestaan te vier
  Heerlike eetgoed, stalletjies, vermaak vir oud en jonk
  Navrae aan Christa Saayman by 082 448 5839
  of ds Monja-Lize van Belkum by 082 786 5752

- **Saterdag 7 September: Gemeente Witfontein in Pretoria**
  10de Delwersfees
  Kerkterrein, hv Stasie- en Deetlefsstraat, Pretoria-Noord
  Tradisionele delwersfeesontbyt met kaiings-en-pap
  Poedings, koektafels, melkkos, lewerkoekies, teetuin, kerrie-en-rys, pannekoek...
  Groente, delwerskombuis, witolifanttafel, speelgoedtafels...
  Pretpark vir die kinders, skyfskiet, kettieskiet, blaaspyp...
  Outydse foto’s kan geneem word
  Groot gesoek en gedelf na R50 000 se kontantpryse
  Vir die manne ’n bietjie kultuur te proe by die kultuurtafel
  Feeswyn en Delwersfeeswyn beskikbaar
  Kaartfasiliteite beskikbaar
  Delwersfeessertifikate teen R20 elk
  Beskikbaar by Paula Vermaak by kerkkantoor 012 546 5678 / 087 830 0686
  of Jimmy 083 254 4771 of Janine 083 260 0983

- **Donderdag 12 tot Saterdag 14 September: Gemeente Bergsig**
  Bergsigmark vanaf 10:00, Saterdag vanaf 08:00
  hv Karel Trichardt- & Leonidestraat, Mountain View
  Stalletjies te huur @ R200 vir die 3 dae
  Teetuin met gebak, sjokoladefontein en malvalekkers op ’n stokkie
  Etes schwarmas en pappadoms met vleisgeregte
  Saterdag
  Demonstrasies van skilderkuns deur mondskilders
  Delwersoektog, potjiekoskompetisie, skyfskiet
  Groot pryse te wen
  Kontak Tina by 078 682 7093

- **Saterdag 26 Oktober: Gemeente Kempton Park-Oos**
  KPO Lekker Kuier Kontreifees
  Uitstallers en kosstalletjies
  Gaskunstenaar Die Flooze (Sorina)
  Toegang R20 per persoon
  Kom geniet ’n heerlike dag
  Kontak Anneline by 082 924 7344 of Marius by 072 778 1033

ANDER NUUS

- **VAKANTE POSTE: MAATSKAPLIKE WERKERS**
  Die Ondersteuningsraad is ’n geregistreerde welsynsorganisasie wat maatskaplike dienste lewer. Die OSR beskik tans oor vakante maatskaplikewerkposte by die volgende kantore:

- Brakpan (2 voldagposte)
- Elsburg (1 voldagpos)
- Vanderbijlpark (1 6/8ste pos)

Applikante moet aan die volgende vereistes voldoen:
- Moet beskik oor ’n maatskaplikewerkgraad of kan ’n finalejaar (studies voltooi einde 2013) maatskaplikewerkstudent wees.
- Moet oor ’n geldige rybewys beskik.
- Moet by die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe geregistreer wees.

Kontakbesonderhede vir CV
Tel: 012 322 8885 x290 (mev Ansie Cromhout)
Faks: 012 322 5787
E-pos: **oraad@nhk.co.za**

- **VAKATURE: ASSISTENTVERPLEEGSTER**
  By Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys, Vrystaat
  Tehuis vir verswakte en selfversorgende bejaardes
  Pligte: Algemene versorging van inwoners, bedwas
  en kliniekdienste soos die neem van bloeddruk
  Vereistes: Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede
  Vorige ervaring in veld van verpleging van bejaardes sal sterk aanbeveling wees
  Moet geregistreer wees by die Verpleegstersraad
  Normale diensvoorwaardes
  Stuur CV aan mev A Botha, faks 056 817 7525 of e-pos **hf@otmt.org**

- **BEELD-KINDERFONDS**
  - **Wen ’n Peugeot**
    SMS PEUGEOT na 32541 of SMS KINDERS na 32541
    R25 per SMS
  - **Super 10 Spinning Marathon**
    Saterdag 7 September 07:00 tot 17:00
    Centurion Mall
  - **Kerskonsert**
    Woensdag 27 November in Pretoria
    R110 en R155

  Navrae aan Adrie van Staden by 011 976 2273 / 073 749 2697
  Besoek **www.beeldkinderfonds.co.za**

- **ONDERSTEUNING VAN ONDERWYSERSOPLEIDING**
  Die Rapport Onderwysfonds (gestig in 2003) is ’n landwye nie-winsgewende weldaadsorganisasie (NPO-041-391) wat leningsbeurse aan Afrikaanssprekende onderwysstudente gee. ROF het verlede jaar meer as 490 aansoeke ontvang en kon slegs 187 leningsbeurse goedkeur weens finansiële tekorte.

  ’n Onafhanklike Beurskomitee keur die onderwysstudente op grond van spesifieke kriteria, soos akademiese prestasie en leiereienskappe, inkomsteverdienste van ouers en gesinsomstandighede. ’n Gedeelte van die rentedraende lening kan jaarliks op grond van akademiese uitslae, volgens ’n glyskaal, in ’n beurs omskep word. **Onderwystudente kan tot 16 September 2013 aansoek doen om leningsbeurse vir 2014. Gaan na www.rof.org.za.**

  Finansiële bydraes tot die ROF is belastingaftrekbaar. Artikel 18A-belasting-vrystellingsertifikate word ná ontvangs uitgereik. ROF is by die Nasionale Kredietreguleerder (NCRCP3885) geakkrediteer en is geregistreer as ’n NPO (041-319). Bankbesonderhede: Die Rapport Onderwysfonds, Absa, takkode 632 005, rekeningnommer 405 864 6741 (tjek). Navrae aan Phil-Marie Roberts, Bemarkingsbestuurder, Rapport Onderwysfonds, 073 122 8800 / 021 406 3699 / **Philmarie.Roberts@rapport.co.za**.

- **Maandag 14 Oktober 09:00 tot 16:00**
  Predikanteseminaar
  Tema: *Tussen-Testamentêre Tydperk / Tweede Tempelperiode – stil of nie?*
  Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-kampus
  Kamer 204, Fakulteit Teologie
  Aanbieders dr Jacobus de Bruyn en mnr Eugene Coetzer
  Alle kerkverbande se leraars word uitgenooi
  Dien as verdere opleiding vir predikante
  R320 per persoon, sluit middagete en verversings in
  Inskrywings teen **Vrydag 20 September** op die laatste
  Navrae aan dr Jacobus de Bruyn by 072 606 1661 /
  jacobus.debruyn@gmx.com

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Dit was met groot opgewondenheid dat ek die Agenda van die komende AKV ontvang het. Dis 'n lywige dokument en 'n enorme bron van inligting oor hoe ons Kerk funksioneer en móét funksioneer. My gebed is dat ons as afgevaardigdes ons sal voorberei vir dit wat bespreek gaan word, en dat ons besluite sal neem wat ons vorentoe sal laat gaan en die verlede agterweë laat. Ons gesindheid en optrede moet wees soos volwasse gelowiges wat kerk wil wees om te dien. Christen wees beteken vir my 'n konstante beweging weg van 'n selfgerigte godsdiens na 'n lewe van diens."

Danie le Roux, Vaalpark

Tydskrifpryse 2014

Die pryse vir 2014 se kerklike publikasies is nou beskikbaar.

Ten spyte van stygende koste en die groot druk waaronder die Kerk tans verkeer, is besluit om die tydskrifpryse steeds so laag moontlik te hou. Dit is egter onvermydelik dat daar wel 'n styging moet wees.

Konteks
R170 vir 10 uitgawes (48 bladsye volkleur)
R20 per individuele uitgawe (posgeld uitgesluit)

Die Hervormer
R120 vir 11 uitgawes
R15 per individuele uitgawe (posgeld uitgesluit)

Almanak/Bybelse Dagboek
R130

Bestel u tydskrifte van mev Susann van Zyl, 012 322 8885 x291; faks 086 633 4054; **sentik@nhk.co.za**. Gemeentes kan die geld vir die *Almanak/Bybelse Dagboek* se bestellings nou reeds inneem en aan SENTIK betaal, en die betaling vir *Konteks* en *Die Hervormer* eers in Januarie 2014, om die druk op lidmate te verlig.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel